1 week tema

# Vrugte en groente




# Tema 24

# VLOA-OPSOMMING

| | |
|---|---|
| Welstand | • Maats leer dat hulle daagliks verskillende groentes moet eet.<br>• Maats leer dat hulle eerde vrugte as lekkers moet eet.<br>• Maats leer dat hulle baie water moet drink.<br>• Ons doen groot motoriese ontwikkeling deur middel van ons kinetiese sessie.<br>• Fyn motoriese vaardighede word ontwikkel deur die knyp, druk, manipulasie, plak, verf, knip, skeur en vashou van onderskeie materiale. |
| Identiteit en samehorigheid | • Maats leer dat ons verantwoordelik vir ons lyfies se welstand is.<br>• Maats leer dat ons dankbaar moet wees vir ons gesondheid.<br>• Maats leer Covid-19 veiligheidsmaatreëls.<br>• Kleuters word die geleentheid gegun om hulself uit te druk tydens sirkelsessies, bybelstorie- en lesbesprekings.<br>• Selfstandigheid en verantwoordelikheid word bevorder deur die daaglikse roetine wat toegepas word en die uitdeel van werkies en verantwoordelikhede, soos om op te ruim, kunswerke volgens juffrou se instruksies te voltooi ens. |
| Kommunikasie | • Maats word die geleentheid gegun om sosiaal met ander maats te kommunikeer tydens klasbesprekings en groepspel.<br>• Kleuters "lees" saam met juffrou die illustrasies van die bybelstorie en tema. Tydens hierdie "leeservaring" word vorms, kleure ens. uitgewys en bespreek.<br>• 'n Gediggie en stories word geluister, gedramatiseer en bespreek.<br>• Maats kleur met waskryte in en "skryf" hulle name op hulle kunswerke.<br>• Juffrou vra deurlopend vir maats vragies wat hulle moet beantwoord.<br>• Bepaalde woorde word aan maats omskryf ten einde hulle woordeskat te verbeter. |
| Verken wiskunde | • Die nommer "veertien" word die week behandel. Maats moet tot by veertien tel.<br>• Maats leer van die spiraal (die vorm hierdie week).<br>• Maats leer dat rooi en blou saam pers maak en leer dus oor sekondêre kleure.<br>• Maats sorteer vergelyk verskillende vrugte en groente vir verskille en ooreenkomste.<br>• Maats leer van gasborrels wat voorwerpe laat dryf. |
| Kreatiwiteit | • Uitdagings wat opgelos moet word, word deur middel van die week se storie en aktiwiteite aan maats gestel.<br>• Maats verf en oefen dus hoe om verfkleure apart te hou en kwaste skoon te hou.<br>• Maats leer hoe om 'n skêr, kryt en kwas vas te hou.<br>• Maats word die geleentheid gegun om vir juffrou te vertel van die kunswerke wat hulle geskep het.<br>• Maats dramatiseer 'n kort gedig en storie.<br>• Kreatiwiteit word ook deur kammaspel bevorder.<br>• Maats maak mannetjies uit vrugte en groente.<br>• Maats leer oor sekondêre kleure.<br>• Maats maak 'n vrugte- en groentetapyt. |
| Kennis en begrip van die wêreld | • Maats leer oor die belangrikheid van vrugte en groente in ons lyfies.<br>• Vryspel bied aan maats die geleentheid om hul omgewing te ondersoek.<br>• Maats verken saam met juffrou tegnologiese hulpbronne. |

- Dag van die week
- Maand
- Verjaarsdae op hierdie dag
- Nuuswaardighede
- Seisoen
- Weer
- Nommer van die week: ***Veertien (14)***
- Vorm van die week: ***Spiraal***
- Kleur van die week: ***Sekondêre kleure***

# SIRKELSESSIE
*Van die week*


***Maats moet daagliks die vorm met hul vingers in die lug vorm/skryf en moet tot by 14 op hul vingers tel terwyl hulle 14 keer in die lug spring.***

## Sirkelbespreking van die week



# Rooi + blou = Pers





# Rooi en blou = Pers *(Die pers fiets)*

Rosie Rooi en Bulletjie Blou is al die hele dag besig met 'n groot verrassing vir Giggeltjie Geel! Haar hart is baie seer want haar fietsie het gebreek en nou kan nie sy nie meer daarmee rond ry nie. Sy huil al die hele oggend. Rosie Rooi en Bulletjie Blou het daarom besluit dat hulle hul maatjie sommer gou beter gaan laat voel. Die twee goggas het al hulle sakgeldjies bymekaar gesit is toe dadelik na oom Faan Fiets se spoggerige winkel toe om vir Giggeltjie 'n fietsie uit te kies. Daar was vreeslike mooi fietsies maar nie een wat klein genoeg vir ou Giggeltjie Geel was nie. Die maatjies was baie hartseer. Wat sou hulle nou doen?


Oom Faan Fiets het hulle vreeslik jammer gekry toe hy sien hoe hartseer hulle was. "Ek dink ek mag dalk iets vir julle in die stoor hê", het die ou oompie gesê terwyl hy aangeskuifel het na die stoor toe. So 'n paar minute later het hy met 'n ou, klein fietsie uit die stoor uit gekom. "Julle kan hierdie ou fietsie kry. Julle sal net die raam self moet verf, want dit is nog nie geverf nie. " Die twee goggas het oom Faan Fiets bedank en toe met die fiets na Rosie Rooi se huisie toe gegaan.

Rosie Rooi het die fietsie dadelik rooi begin verf en Bulletjie Blou het die sy kwassie ook in blou verf gedruk en toe sommer saam met Rosie Rooi begin verf! "Giggeltjie gaan die mooiste blou en rooi fietsie hê ou Rosie", het Bulletjie Blou gesê terwyl hy met sy kwas verfstrepe oor die fiets getrek het. Maar maats, nog voordat Rosie kon antwoord het daar iets wonderliks gebeur. Die rooi en blou verf het gemeng en saam die mooiste pers gemaak wat die goggas nog ooit gesien het! Toe hulle die pragtige pers fiets vir Giggeltjie gee was so bly dat sy sommer weer begin huil het - hierdie keer van blydskap.

**Vertoon hierdie week vir Rosie Rooi, Bulletjie Blou en en Petra Pers in die klas!**

Gee hierdie week vir maats soveel geleenthede as moontlik om rooi, blou en pers met mekaar te meng. Hulle kan verf, gekleurde water, gekleurde skeerroom ens. meng.

LET OP: Illustreer gerus die storie deur verf te kleur




MOLLIE


Hoeveel spirale sien julle?
Spiro Spiraal


14
MOLLIE

# Bybel-illustrasies







**Visuele prosessering:**

Hoeveel seuns is in die prentjie?
Hoeveel koeie is in die prentjie?
Hoeveel skape is in die prentjie?
Waar kan ons alles BLOU sien?
Waar kan ons alles ROOI sien?
Waar kan ons alles PERS sien?
Waar kan ons alles GEEL sien?

# Bybelles

*Job is lief vir God*

# DAG 1-2

Maatjies, die Bybelstorie waaroor ons hierdie week gaan leer, is die storie van Job.

Job was 'n baie ryk man gewees. Hy het sommer baie beeste, donkies, kamele en skape gehad. Hy het ook baie werkers en grond gehad.

Buiten al sy diere, grond en werkers het Job ook sommer baie kinders gehad. Hy het tien kinders gehad. Hy was daarom 'n baie gelukkige man gewees wat baie geseënd was.

Job het geweet dat hy net ryk en geseënd was omdat God vir hom gesorg het. Job het dus net vir God en vir geen ander God gebid nie. Hy het al Sy wette probeer hou en het sommer 'n baie mooi hart gehad.

Die duiwel was sommer baie jaloers omdat God 'n kind soos Job gehad het wat so lief vir Hom was. Hy het toe 'n lelike plan gemaak.

## Woordeskat-ontwikkeling

**Ryk**

As ons baie geld en goed het

**Geseënd**

As God baie goed vir ons is

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wat was die man in die storie se naam?
- Was hy lief vir God gewees?

## Lewensles

Ons moet ook soos Job weet dat ons alles wat ons het by God kry

# Bybelles

## *Job sukkel*

# DAG 3-4

Die duiwel het sommer niks daarvan gehou dat Job so lief vir God was nie. Hy wou nie hê dat Job so lief vir God moes wees nie. Hy wou hê dat Job eerder kwaad vir God moes word. Toe dink hy 'n plan uit. Hy sou sorg dat dit baie sleg met Job gaan, dan sou Job mos kwaad vir God word en nie meer so lief vir God wees nie.

Heel eerste het skelms gestuur om al Job se skapies, beeste en ander vee te steel en om al sy werkers aan te val. Job was nou nie meer ryk nie. Hy was baie ongelukkig hieroor, maar hy was steeds lief vir God gewees en het geweet dat God altyd vir hom sou sorg. Die lelike plan het nie gewerk nie! Job was steeds God se kind. Die duiwel was sommer nou baie kwaad en het aanhou moeilikheid maak todat Job niks meer oor gehad het nie. Hy het selfs vir Job siek gemaak. Steeds was hy nie kwaad vir God nie. Hy was steeds 'n dienaar van God.

### Woordeskat-ontwikkeling

**Skelm**

Iemand wat iets vat wat nie aan hulle behoort nie

**Vee**

Skapies, beeste en bokkies

**Moelik**

As iets nie vir ons maklik is nie is dit moeilik

### Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wat was die lelike plan gewees?
- Wat het met Job se vee gebeur?
- Het die lelike plan gewerk?
- Hoekom het dit nie gewerk nie?

### Lewensles

Ons moet soos Job altyd aanhou om lief vir God te wees

## *God seën vir Job*

# DAG 5

Job se vriende sien dat dit nie goed gaan met Job nie. Hulle sê vir hom dat God hom dalk straf omdat hy iets verkeerd gedoen het. Maar Job weet dat God nie so lelik met Sy kinders maak nie. God is 'n goeie God wat baie lief vir Sy kinders is! Dis nie hy wat so lelik met Job gemaak het nie. Dit is die stoute duiwel. God kom herinner vir Job daaraan dat Hy 'n goeie en magtige God is. Hy help vir Job onthou dat Hy alles in die wêreld gemaak het en dat Hy in beheer van Job se lewe is. Toe sê Job dat hy weet dat God magtig is en alles kan doen. God maak hom toe weer gesond en ryk en gee vir hom weer baie vee en kinders.

**Verkeerd**

As ons iets doen wat ons nie moet/mag doen nie

### Lewensles

God kan die slegte dinge wat met ons gebeur omkeer


# TEMA
## (Gedig en storie)


Eet jou groente elke dag,

want dit gee jou lyfie krag!

Dit hou jou lyfie lekker sterk,

om sommer hard te kan werk.





## GEDIGGIE VAN DIE WEEK
### *Eet jou groente elke dag!*

***Die gedig leer vir maats dat ons daagliks groente moet eet omdat dit ons lyfies sterk en gesond moet eet.***

***Laat maats die gedig daagliks sê en herinner hulle aan die belangrikheid van groente vir ons lyfies.***

## PRAATJIE VAN DIE WEEK *Dr Miena Muis*

**Hierdie week is daar nie ’n liedjie nie, maar eerder ’n praatjie! Dr. Miena Muis gesels met maats en vertel hulle van die belangrikheid van vrugte, groente en algehele gesonde eetgewoontes vir ons lyfies. Dr. Miena verduidelik dat ons maklik siek word wanneer ons nie gereeld groente en vrugte eet nie.**

## STORIE VAN DIE WEEK
### *Dit proe soos poeding!*

***Hierdie week hoor maats dat Mollie nie graag groente eet nie en hy word dan een oggend siek wakker. Mamma Muis laat kom dadelik vir Dr. Bruinmuis wat vir Mollie verduidelik dat hy meer groente moet eet. Mamma besluit net daar en dan om vir Mollie lekker pampoenkoekies te maak. Mollie ontdek sodoende dat groente nie sleg hoef te proe nie.***

***Luister elke dag ’n stukkie van die storie en vra vir maats na afloop daarvan wat hulledie volgende dag in die storie gaan gebeur (kritiese- en kreatiewe denke).***

***Vra vir maats of hulle kan onthou wat die vorige dag in die storie gebeur het voordat jy die storie die volgende dag verder speel (ouditiewe geheue).***

***Op dag vyf kan maats die storie self dramatiseer of hul eie variasies daarvan weergee.***

# TEMATAFEL *('n Vrugte-/groentemandjie)*

## TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

*(Hierdie week pak ons 'n vrugte- en groentemandjie uit!)*

Mollie is vandag baie opgewonde! Mamma verjaar vandag en hy het sommer 'n baie slim plan. Hy gaan vir haar 'n baie mooi tapyt (mat) maak. *(Gooi **'n groot stuk bruinpapier** op die grond uit. Sny dan verskillende **groentes en vrugtes in helfdes**. Pak vir maats **verskillende kleure verf** uit. Maats moet dan die gesnyde groente/vrugte in die verf druk en groente- of vrugtepatrone op die papier druk om 'n kleurvolle tapyt te maak.)*

Nadat Mollie die mooi tapyt vir Mamma Muis gemaak het, gaan haal hy sy gietertjie en 'n pakkie pampoensaad uit die motorhuis. Vandag gaan hy mamma se gunsteling groente, pampoen, plant! Kom ons gaan plant ook groente maats! *(Gee vir maats **grafies, sade en water** en laat hulle groente soos wortels plant. Maats kan die groente deurgaans natlei en versorg en in die toekoms self die vars groente uit die grond trek en eet.)*

Nadat Mollie die pampoen geplant het gaan sit hy moeg op die vloer. Hy kyk na sy eie skaduwee. Skielik wonder hy of groente en vrugte ook skaduwees het. *(Pak **groente en vrugte** buite in die son uit sodat hulle skadus op die grond val. Laat maats nou met **bordkryt**/hulle vingers/**kryt** die vugte/groente se siloeëtte natrek.)*

Mamma roep vir Mollie. "Kom drink 'n bietjie koeldrank Mollie". "Ek kom Mamma", sê Mollie. Hy staan op en gaan na die kombuis toe. Terwyl hy wag dat Mamma Muis vir hom heerlike koue koeldrank in sy glas moet gooi, kyk hy na die bak vrugte op die tafel. Hy wonder watter vrug in die bak is die kleinste. Watter een is lekker groot? *(Laat maats **verskillende uitgepakte vrugte** vergelyk. Watter is groot en watter is klein? Kan hulle die vrugte van klein na groot pak? Kan hulle met die vrugte meet? Hoeveel piesanglengtes is 'n klaskamertafel byvoorbeeld? Hoeveel waatlemoenlengtes is dieselfde tafel? Herhaal die aktiwiteit met veskillende vrugte.)*

Mamma Muis sien hoe Mollie na die vrugtebak staar en glimlag. Mollie, is jy lus vir vrugte? Kom ons maak vrugtestokkies! *(Gee vir elke maat **'n rygstokkie en klein blokkies vrugte** waaraan hulle nie kan verstik nie. Maats moet nou die vrugte op die stokkies ryg. Hulle kan dit dan daarna geniet.)*

Tematafels moet **ERVAAR** word...



# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*

## Dag 1 en 2



Ons kry baie verskillende groentes.
Ons kry byvoorbeeld eiervrugte, wortels, blomkool, tamaties en rissies.




Ons kry ook pampoen, beet, ertjies, klein worteltjies, advokadopere, komkommers en soetrissies.
Laat maats nog groentes opnoem. Hier word slegs enkele voorbeelde van groentes verskaf.

# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*

## Dag 3 en 4



Ons kry lemoene, waatlemoene, piesangs, appels, en kersies.
Hierdie vrugte is almal lekker soet.



Ons kry pynappels, perskes, druiwe, pere, aarbeie en suurlemoene.
Laat maats nog vrugte opnoem.  Hier word slegs enkele voorbeelde van vrugte verskaf.

# Tema-les

## Groente

# DAG 1-2

Maatjies, vandag gesels ons oor groente. Groente is sommer baie belangrik vir ons lyfies want:

- dit laat ons lyfies groei,
- dit hou ons lyfies sterk, en
- dit hou ons gesond.

Ons kry verskillende soorte groente. Ons kry worteltjies, aartappels, boontjies, ertjies, blomkool, kool, pampoen, eiervrug, beet, uie, tamaties, komkommer en selfs branderige groentes soos rissies.

Party groente soos aartappels, uie, beet en wortels groei onder die grond. Ons kan hulle daarom nie sien groei nie. Ander groentes soos boontjies, ertjies en pampoen groei bo die grond. Ons kan daarom mooi sien hoe hulle groei.

Alle groente moet baie water en son kry om te kan groei. As hulle dan mooi groot en uitgegroei is, kan ons hulle pluk of uit die grond uit trek. Ons was dan al die grond van die groente af, skil dit en kap dit op voordat ons dit kook en eet.

Ons kan heerlike aartappels en room, mielies en botter, pampoen en suiker of lekker soetwortels eet. Groente hoef daarom nie vir ons sleg te wees nie. Wat belangrik is, is dat ons elke dag groente moet eet en dat ons ook verskillende groentes moet eet. Ons kan nie net pampoen of wortels eet nie, want elke groente doen 'n ander werkie in ons lyfies. Blomkool help ons om nie maklik siek te word nie. Wortels maak ons hare, naels en vel sterk en gesond. Spinasie hou ons breintjie slim en gesond. Uie hou ons hartjie sterk. So het elke groente sy werkie in ons lyfies. Hoe meer verskillende groente ons eet, hoe beter. Ons moet daarom kyk as mamma in die aande vir ons kossies inskep dat sy vir ons verskillende groentes in ons bordjies skep. Ons moet dan al daardie groentes eet.

### Kritiese denke

- Eet jy elke dag groente?
- Eet jy elke dag <u>twee</u> groentes?
- Hou jy van groente?
- Wat is jou gunsteling?

### Kinestetiese leer

Pak verskillende soorte groente in die klaskamer uit vir maats om te sien. Laat hulle dan aan die groentes voel, ruik en proe om elke groente te ontdek. Watter groentes is almal groen? Watter groentes is almal weer geel? Watter groentes is glad? Watter groentes is grof? Watter groentes is rond? Watter groent is langwerpig ens. Die moontlikhede hier vir vergelyking is eindloos.

### Woordeskatontwikkeling

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Groente | Gesond | Beet | Boontjie(s) | Mielie(s) |
| Groei | Aartappel(s) | Wortel(s) | Ertjie(s) | Blomkool |
| Sterk | Ui(e) | Soetwortel(s) | Pampoen(e) | Botter/room |

# TEMA-LES

*Vrugte*

# DAG 3-4

Maatjies, vandag gesels ons oor vrugte. Vrugte is sommer baie belangrik vir ons lyfies want, net soos groente, laat dit:

- ons lyfies groei,
- ons sterk word, en
- ons gesond bly.

Ons kry verskillende soorte vrugte. Ons kry lemoene, naartjies, appels, piesangs, waatlemoen en kersies. Ons kry ook vrugte soos pynappels, perskes, suurlemoene, aarbeie, druiwe en pere.

Party vrugte soos aarbeie, waatlemoene en pynappels groei op die grond. Ander vrugte soos piesangs, appels, perskes en pere groei in bome.

Net soos groente, moet alle vrugte baie water en son kry om te kan groei. Wanneer hulle dan mooi groot en uitgegroei is, kan ons hulle pluk, afspoel en eet. Ons hoef hulle nie eers soos meeste groentes te kook voordat ons hulle eet nie. Ons kan vrugte rou eet.

Vrugte is sommer baie goed vir ons. Elkeen het 'n spesiale werkie in ons lyfies. Lemoene help ons ogies om goed te kan sien. Piesangs gee vir ons lyfies krag (energie). Appels hou ons lyfies gesond en help ons om nie siek te word nie. Elke vruggie het so sy werkie en ons moet daarom baie verskillende vrugte eet. Dit is glad nie moeilik nie want vrugte is normaal soet en sappig. Klein maatjies hou daarom sommer baie van vrugte. Maar maatjies, het julle geweet as ons te veel vrugte op een slag eet kan ons maagpyn kry? Ons kan een vruggie of 'n handjie vol klein vruggies, soos aarbeie, elke dag eet. As ons nie kan besluit watter vruggie ons wil eet nie, kan ons 'n klein bakkie vrugteslaai eet. Vrugteslaai word van verskillende vrugte gemaak. Ons kan vrugteslaai saam met jogurt, room of roomys eet en dan proe dit sommer soos heerlike nagereg.

## Kritiese denke

- Eet jy elke dag vrugte?
- Eet jy eerder lekkers as vrugte?
- Hou jy van vrugte?
- Wat is jou gunsteling?

## Kinestetiese leer

Pak verskillende soorte vrugte in die klaskamer uit vir maats om te sien. Laat hulle dan aan die vrugte voel, ruik en proe om elke groente te ontdek. Watter vrugte is almal groen? Watter vrugte is almal weer geel? Watter vrugte is rooi? Watter vrugte is glad? Watter vrugte is grof? Watter vrugte is rond? Watter is langwerpig ens. Die moontlikhede hier vir vergelyking is eindloos.

## Woordeskatontwikkeling

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Vrug(te) | Appel(s) | Kersie(s) | Pere | Sappig | Bome | Room |
| Lemoen(e) | Piesang(s) | Pynappel(s) | Aarbeie | Vrugteslaai | Maagpyn | Roomys |
| Naartjie(s) | Waalemoen(e) | Perske(s) | Soet | Grond | Jogurt | Nagereg |

# Tema-les

## Boere

# DAG 5

Maatjies weet julle waar kom vrugte en groente vandaan? Boere plant dit in lang rye op hulle plase (in plantasies). Hulle gooi die vrugte en groente dan elke dag nat en maak seker dat goggas nie die plantjies opeet nie. Hulle gooi kompos (kossies wat die plantjies help groei) in die grond sodat die vrugte en groente mooi groot en gesond kan word.

Wanneer die vrugte en groente uitgegroei is, pluk die boere dit. Hulle was die groente en vrugte dan en vat dit na die winkels toe. Dit is hier waar ons dit koop om te eet. Ons neem dit dan huis toe waar ons allerhande lekker dinge daarmee kan maak.

Maats, wat kan ons alles met vrugte maak? Ons kan soveel meer met dit doen as om dit net so rou te eet. Ons kan:

- soet konfyt van vars vrugte vir ons broodjies kook,
- dit uitdroog vir heerlike droë vrugte happies, en
- dit gebruik om heerlike nageregte en terte soos aarbeitert te maak.

Wat kan ons alles met groente maak? Ons kan dit opkook en eet, maar ons kan ook ander goed met dit doen. Ons kan:

- slaaie met verskillende groente soos tamaties, komkommer en blaarslaai maak,
- disse soos gebakte groente in room maak,
- skyfies uit groente soos patats en aartappels maak,
- heerlike soet terte en koekies van groente soos pampoen maak, en
- heerlike warm groentesop in die winter maak.

Vrugte en groente kan ook gebruik word om sappe te maak. Ons kry lemoensap, guava-sap en ander vrugtesappe. Ons kry ook sekere groentesappe soos wortelsap en tamatiesap. Ons kan al hierdie sappies eerder as gaskoeldrank drink. Ons moet net nie te veel daarvan op een slag drink nie omdat daar baie suiker in vrugtesappe is en te veel suiker is nie goed vir ons lyfies en tandjies is nie.

## Kritiese denke

- Eet jy elke dag vrugte?
- Eet jy eerder lekkers as vrugte?
- Hou jy van vrugte?

## Kinestetiese leer

Laat maats vandag aan verskillende of een vrugte-happies proe. Hulle kan aan aarbeitert, gedroogde vrugte-blokkies en/of verskillende konfyte proe. Maats kan ook aan skyfies of ander groentedisse of terte proe. Verskillende sappies kan ook vir hulle voorgesit word. Dit gaan hier daarom om vir maats die geleentheid te gee om verskillende disse en produkte van vrugte en groente te ontdek.

## Woordeskatontwikkeling

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Boer | Winkel | Happies | Koek(ies) | Dis(se) | Sap(pe) |
| Plaas | Konfyt | Nagereg(te) | Slaai(e) | Skyfie(s) | Vrugtesap |
| Plantasie(s) | Droë vrugte | Tert(e) | Gebak(te) | Groentesop | Groentesap |

## Kyk en teken

Plak vir elke maat 'n A3 papier teen die muur op. Pak nou verskillende vrugte en groente op 'n tafel vir maats uit. Ons gaan skilder! Laat maats nou die vrugte en groente vertikaal staan en "skilder"/teken.


## Pak, manipuleer en bou

Gee vir maats vrugte en groente waarmee hulle hul eie vrugte/groente-mannetjies kan bou.

Alternatiewelik kan maats 'n mannetjie hier met uitgeknipte vrugte en groente plak.

## Ons pas!


Lamineer hierdie bladsy en en knip die lemoen uit. Knip dit dan al langs die stippelyne stukkend. Laat maats die lemoen nou weer bou.





# PERSEPSIE
*Aktiwiteit 4*


## Ons pas!


Lamineer hierdie bladsy en en knip die blokkies uit. Pak hulle ideurmekaar voor maats uit. Maats moet nou die vrug met op die linkerkantste blokkie by die kleur op die regterkantste blokkie pas.



















## Manipuleer en druk

Laat maats blou, rooi en pers kleiballetjies maak. Laat hulle dan die balletjies telkens in die middel van elke spiraal plaas. Maats moet rooi balle op die rooi spirale plaas, blou slange op die blou spirale en pers balle op die pers spirale plaas. Kom ons tel nou die balletjies.



14

## Benodighede

| | | |
|---|---|---|
| Tou | Rakket | Nommers |
| Balle | Bakens | Hoepels |
| Boontjiesakkies | Rakket | Emmer/Drom |
| Pilatusbal | Kleure | Stokkie |

### Opwarming

- Laat maats op 'n tou loop en dan op jou instruksie stil gaan staan en 'n bal vang.
- Laat hulle volgende weer oor die tou loop, maar hierdie keer op hulle tone.
- Laat hulle nou hak-teen-toon oor die tou loop.
- Laat maats laastens oor die tou loop terwyl hulle deurgaans 'n boontjiesakkie van links na regs in hulle hande wissel.

### Balans

- Maats moet hul balans vir een minuut lank probeer hou terwyl hulle in 'n stilstaande posisie op hul linker- en dan weer op hul regterbene staan. Herhaal dan die oefening en laat maats nou op hulle tone staan.
- Laat maats volgende op hulle tone met hulle arms sywaarts staan terwyl hul oë vir dertig sekondes toe bly.
- Laat maats nou op 'n wipmat spring terwyl hulle 'n bal vang en terug na jou toe gooi.
- Laat maats laastens op hul magies oor 'n pilatusbal lê en op hul handjies vorentoe loop terwyl hulle op die bal balanseer.

### Koördinasie

- Rol 'n bal na maats toe wat hulle dan vir jou terug moet skop.
- Gooi volgende 'n groot sagte bal in die lug en laat maats dit met 'n rakket probeer raakslaan .
- Pak nou 'n paar balle in 'n ry op die grond uit. Gee nou vir maats twee rakkette. Hulle moet die balle dan een-een tussen die twee rakkette vasknyp en optel en oor 'n afstand dra en op die grond neersit. Laat maats heen-en-weer hardloop totdat al die balle verplaas is.
- Laat maats laastens 'n bal deur twee bakens skop.

### Ruimtelike oriëntering

- Gee vir maats boontjiesakkies. Pak dan verskillende kleure en nommers al om maats op die grond uit. Vra nou vir maats om die boontjiesakkies telkens volgens jou instruksies op bepaalde kleure en vorms te gooi.
- Laat hul die sakkies dan op die NAASTE kleur/nommer, die VERSTE kleur/nommer ens. gooi.
- Hou nou 'n hoepel op verskillende hoogtes voor maats vas. Laat maats deur die hoepel klim terwyl dit op die grond rus en tel die hoepel dan telkens 'n bietjie hoër op en laat hulle weer daardeur klim.

# KINETIKA

### Ritme

- Dop ’n emmer of trom om. Neem nou ’n houtstokkie en gee vir maats ook een. Slaan nou ’n wysie op die emmer of trom en laat maats dit dan vir jou terug slaan. Maak die deuntjie elke keer ’n bietjie langer.

### Afwarming

- Laat maats op een plek draf.
- Laat hulle nou ontspannende strekke doen.



Maats moet beweeg!



# Groente en vrugte - Rosyntjies kan beweeg!

## Rosyntjies!

Rosyntjies is gedroogde druiwe en het ’n baie gefrommelde tekstuur en voorkoms. In hierdie eksperiment maak ons gebruik van die duikies in die rosyntjie se vel om gasborreltjies op te vang.

## Benodighede

- 2 Glase
- 200ml Sprite of sodawater (moet nie voorheen oopgemaak wees nie)
- 200ml water
- Pakkie rosyntjies (ongeveer 12 word benodig)



## Instruksies

1. Vul een glas ¾ met sodawater of Sprite.
2. Vul een glas ¾ met water.
3. Gooi nou 6 rosyne in die glas met gewone water en die rosyne sal sink tot op die bodem. Wys dit vir maats en verduidelik dat rosyne swaarder is as water en daarom sink dit.
4. Gooi nou 6 rosyne by die Sprite of sodawater. Die rosyne sal sink en dan na die oppervlak toe styg. Die gasborretljies word vasgevang in die riwwe op die rosyntjies se velletjie en omdat die gas ligter is en na bo wil gaan neem dit dit rosyntjies saam. Verduidelik vir maats dit is soos om ’n klomp klein maats te vat en dan 'n swaar voorwerp saam om te tel. As almal saamwerk is dit makliker om die swaar voorwerp op te tel. So werk al die ligte gasborrels saam om die swaarder rosyntjies op te tel.
5. Soms bars die gasborreltjies as die rosyntjie die oppervlak bereik en dan val dit terug bodem toe om weer gasborretjies op te tel. Dit lyk dan of die rosyntjies dans.



## Wat het ons geleer?

Rosyntjies kan op en af hardloop in water. In water wat nie gas in het nie, sal die rosyntjies na die bodem val en daar bly lê. In die sodawater of Sprite sal die rosyntjies na die oppervlak styg. Dit is omdat gas ligter is as water en na die oppervlak wil beweeg. Die gasborreltjies word in die rosyn riwwe vasgevang en neem die rosyntjie saam.

